AHI/b-Smart Kaart Voordele

- **Jaarlikse bonus van tot 5%**

R37m uitbetaal aan 30 000 lede in November 2009
Ontvang tot 3% bonus terug op aankope by nasionale verskaffers (insluitend kos) en tot 5% bonus terug op alle ander aankope.

- **Groot verskeidenheid winkels**

Die AHI / b-Smart kaart word by meer as 5 000 winkels landwyd aanvaar.
Nasionale verskaffers sluit in Ackermans, Builders Warehouse, Cape Union Mart, Checkers & Checkers Hyper, Clothing City, Dion/Game, Dischem, Hang Ten, House & Home, Medi-Clinic, Medirite Apteke, Pep Stores (geselekteerde), Shoe City, Shoprite, Tekkie Town, The Baby Company, Tiger Wheel & Tyre, Trade Centre, Woolworths en nog vele meer!

- **Eksklusiewe versekeringspakkette**

IntegriSure, Kaapse Verbruikers se versekeringsmakelaar en nismarkspesialis, bied ongelooflike diens en premies aan lede. Nog beter is dat lede se maandelikse premies bonusdraend is, dus verdien u 5% bonus op u maandelikse motor- en huisversekeringpremies.

- **Tot 45 dae rentevrye krediet**

Met ons unieke stelsel van maandelikse openingsdatums sal u u beskikbare inkomste doeltreffender kan bestuur sodat u in staat is om beter te begroot. Dit is belangrik om daarop te let dat die volle bedrag verskuldig op u oop rekening elke maand betaalbaar is.

- **Begrotingsfasiliteit**

U kan aansoek doen (na ses maande lidmaatskap) vir ‘n begrotingsfasiliteit waarmee u duurder items oor 36 maande kan afbetaal terwyl u steeds ‘n bonus verdien.

- **Persoonlike lenings**

U kan aansoek doen (na ses maande lidmaatskap) vir ‘n persoonlike lening teen baie mededingende koerse.

- **Een maandelikse betaling – bespaar op bankkoste**

U spaar bankkoste en u kan u maandelikse inkopies doeltreffender bestuur omdat u elke maand slegs een saamgestelde bedrag aan Kaapse Verbruikers betaal.

- **Fantastiese bystandvoordele vir die hele gesin**

Ons bied fantastiese bystandvoordele vir u gemoedsrus! Geniet 24/7 pad-, huis- en regsbystand en bespaar geld met afslag op reis-, gesondheid-, ontspanning-, verbinding- en concierge-voordele.

- **Hoeveel kry b-Smart kaarthouers terug?**

Bonusdraende aankope .. Heffings op kosaankope van toepassing *Heffings by Shoprite Checkers, Woolworths, Spar Groep, PnP Familiewinkels*							**Waarde van bonus @ 5%**			
Daagliks	**Aantal dae per week**	**Weekliks**	**Aantal weke per maand**	**Maandelikse aankope**	**Aantal maande per jaar**	**Jaarlikse aankope**	**Bonus %**	**Randwaarde van bonus**	**Jaarlikse koste vir b-Smart kaart**	**Netto bonus per jaar**
R 50.00	7	R 350.00	4	R 1,400.00	12	R 16,800.00	5.00%	R 840.00	R 240.00	R 600.00
R 200.00		R 1,400.00		R 5,600.00		R 67,200.00		R 3,360.00		R 3,120.00
R 300.00		R 2,100.00		R 8,400.00		R 100,800.00		R 5,040.00		R 4,800.00
R 400.00		R 2,800.00		R 11,200.00		R 134,400.00		R 6,720.00		R 6,480.00
R 500.00		R 3,500.00		R 14,000.00		R 168,000.00		R 8,400.00		R 8,160.00

- **Kaartkostes**

’n Maandelikse administrasiefooi van R20 (BTW ingesluit) word teen u rekening gehef. Die bystandvoordele is ingesluit by hierdie maandelikse fooi.

b-Smart Bystandvoordele

Huis-, pad- en regsbystand
b-Smart-lede kan volle gemoedsrus hê met ons huis-, pad- en regsbystand. Het u dalk ‘n foutiewe geiser of ‘n pyp wat lek? Is u met vakansie en gestrand in die middel van nêrens met ‘n onklaar motor, sonder brandstof of ‘n pap band? Het u regskwessies wat u moet uitklaar? Met b-Smart se huis-, pad- en regsbystand is hulp slegs ‘n telefoonoproep weg!

Reis
Bespreek u vakansiebehoeftes met ons b-Smart-reisagente en kry goeie afslag op u reiskoste. Ontvang afslag op vlugte, verblyf, busse, toere, plesierbote, luukse treine, huurmotors, sitkamers by lughawens en nog baie meer.

Gesondheid en welwees
Bekommerd oor u gesondheid of wil u dalk ’n gesonder leefstyl handhaaf? Ons bied afslag op Virgin Active-kontrakte, lidmaatskap by Weight Watchers, afslag op gekeurde spabehandelings, noodhulpkissies, Vital Health-produkte, gesondheidsboeke en nog baie meer.

Ontspanning
Kies en keur uit ons ongelooflike lys ontspanningsprodukte. Koop CD’s en DVD’s, elektroniese produkte by Hi-Fi Corporation, fliekkaartjies en Weber-produkte, bestel blomme by NetFlorist vir die spesiale persoon in u lewe, teken in op u gunsteling tydskrif, bly op die hoogte van die gebeure in die wêreld deur in te teken op ’n verskeidenheid koerante, en daar is nog baie meer om van te kies.

Tegnologie
Ontvang afslag op u Telkom, MTN, Cell C, Virgin Mobile en Vodacom se voorafbetaalde lugtyd asook afslag op ’n wye reeks rekenaarprodukte, -speletjies en -bykomstighede om in al u programmatuur- en apparatuurbehoeftes te voorsien.

Hulpdienste & sekuriteit
Maak gebruik van ons motorhulpdienste en laat ons namens u die beste pryse vir die nodige dienste vir u voertuig vind – bande, skokbrekers, batterye, alarmstelsels, uitlaatstelsels, viertrekbykomstighede asook afslag op sekere getinte veiligheidsvensters.

Omdat die veiligheid van ons lede ’n baie hoë prioriteit vir ons is, kan u gebruik maak van ons sekuriteitsbystand. In die geval van ’n inbraak sal ons ’n gewapende wag by u woning plaas vir 24 uur, asook bystand verleen met die verkryging van kwotasies en die installering van Trellidor-sekuriteitshekke en ADT-alarmstelsels.

KAAPSE VERBRUIKERS - CAPE CONSUMERS

b-Smart
kaart / card

b-Smart Bystand-oproepsentrum: 0860 103 511

Termes en voorwaardes is van toepassing.